TAKVERGADERINGS 2013

19 Januarie 2013

Tydens die AJV is die nuwe takbestuur verkies: Hulle is vlnr Marilyn Coetzee (Projekte), Anton Verwey (Projekte) Paul le Roux (Penningmeester), Simone Kay (Skakel en Reklame), Engela van Dyk (Sekretaresse), David de Klerk (Onder-voorsitter) & Andrew Kok (Voorsitter).

9 Februarie 2013

Taklid Helene Lombard was ons spreker tydens die Februarie takvergadering. Sy het ons meer vertel van haar famielid Jan Hendrik "Onze Jan" Hofmeyr. Hoewel Onze Jan haar oupa se neef was, het sy nie veel geweet van hom nie. Toe sy egter sy versameling poskaarte erf, het dit haar aangespoor om meer uit te vind. Gedurende sy oorsese reise het Onze Jan poskaarte versamel van die plekke wat hy besoek het en die datum van sy besoek daarop aangeteken. *Een van die poskaarte met die datum van sy besoek daarop aangeteken*: In Junie 1901 besoek hy Mainz. Gedurende sy leeftyd was hy in verskillende hoedanighede 'n kampvegter vir die behoud van die Nederlandse taal, Afrikaner kultuur en die belange van die Afrikaner boere. *Foto: Standbeeld op Kerkplein, Kaapstad.* In 1920 is 'n standbeeld van hom op Kerkplein, Kaapstad opgerig met die woorde 'Is het ons ernst?' Hierdie woorde kom uit 'n toespraak wat hy in 1905 in Stellenbosch gelewer het waar hy erken het dat die hoog geroemde gelykheid in tale in die Kaap 'n fiksie was wat nie bestaan nie en daar opgehou moet word om die goewerment en ander daarvoor te blameer. Hy het gevra wat ons persoonlike bydraes is en of ons ook glo dat net Engels vir die toekoms nodig is. Is ons ernstig oor die behoud van ons taal? – 'Is het ons ernst?' *Foto: Jan Hendrik Hofmeyr.* Onze Jan begin sy skoolopleiding by Tot Nut van't Algemeen wat in 1804 in Kaapstad gestig is. Dit was die eerste Nederlandsmedium skool in reaksie op die anglisering van Kaapse skole. Gedurende sy leeftyd was hy in verskillende hoedanighede 'n kampvegter vir die behoud van die Nederlandse taal, Afrikaner kultuur en die belange van die Afrikaner boere.



16 Maart 2013

Our guest speaker in March was Roché Petersen, a student in History and Information science at the University of Stellenbosch. He spoke on the lesser known concentration camp at Uitenhage which was used from April to October 1902. Emily Hobhouse and Millicent Fawcett highlighted the dire conditions of concentration camps and pressurised the British Government to something to improve matters. As result, new concentration camps were opened. *Foto: Millicent Fawcett* During April 1902 the first inhabitants, mainly from the Bethulie and Vredefortweg camps, were transferred here. (more information on concentration camps at :http://www.lib.uct.ac.za/mss/bccd) Only 9 people died at this camp. *Photo: Uitenhage Concentration camp (undated).* The monument at the Uitenhage camp was unveiled on 10 October 1972. It consists of 9 stones,

each bearing the name of one of the nine deceased on the outer ring and nine pillars in the centre.

13 April 2013

Ons eerste uitstappie vir die jaar was na die Hugenote museum in Franschhoek vir ‘n gesamentlike byeenkoms van ons tak en die Hugenote Vereniging van Suid-Afrika om die 325ste jaar van die Hugenote in Suid-Afrika te herdenk. Eerste op die dag se program was die onthulling van die nuwe sonwyser wat die gesteelde geelkoper een vervang.Vandaar is ons eers na die die restaurant by die Hugenote Gedenkmuseum waar ons trakteer is. Tussen al die aktiwiteite deur was daar ook nog tyd vir navorsing in die leeskamer van die anneks.

Vanaf die sonwyser is ons eers na die die restaurant by die Hugenote Gedenkmuseum waar ons trakteer is. En vandaar na die uitstalling in die anneks van die museum. En om die dag mee af te sluit, het ons bymekaar gekom om na praatjies oor die Hugenote te luister. Met ‘n spreekbeurt van 15 minute elk het die 7 sprekers gewoema om hul sê gesê te kry.

Fotos1: Die nuwe sonwyser

Foto 2: Geselligheid by die restaurant

Foto 3: Die Hugenote Gedenkmuseum se bydrae oor I D du Plessis. .

Foto 4: Collage *Van links na regs: Martie du Toit, Paul le Roux, Dennis Malan, David de Klerk; Christo Viljoen, Biebie van der Merwe en Andrew Kok.*

Foto 5: Wes-Kaaplede van links na regs: Kosie Coqui, David de Klerk en Henk Rall

11 Mei 2013

Ons gasspreker tydens die Mei vergadering was Isak Bosman, outeur van die Bosman boek. Sy praatjie het gehandel oor die ontwikkeling van die boek. Isak het reeds op 16-jarige ouderdom begin belangstel om navorsing te doen toe hy na foto's van sy oorlede oupa gekyk het. Die vorige Bosman boek was ook vir hom 'n insprasie, maar dit was verouderd en daar was baie duplikasie. Dit het hom laat besluit om 'n nuwe boek daar te stel. *Foto: Die Familie Bosman in Suid-Afrika, 300 jaar, waarvoor Isak in 2011 die D.F. du Toit Malherbe prys vir genealogiese navorsing ontvang het van die Suid-Afrikaanse Akamdemie vir Wetenskap en Kuns. Sedert 1980 word hierdie prys elke drie jaar toegeken aan uitstaande genealogiese publikasies.* Hy neem ons deur die hele proses vanaf navorsingsbronne tot by druk en verspreiding, met baie goeie raad vir beide beginners en gesoute navorsers, asook vir diegene wat hul navorsing wil publiseer. *Foto: Isak Bosman*

Al ons lede kon nie die gala geleentheid in Krugersdorp bywoon nie en hul toekennings is tydens ons maandbyeenkoms van 11 Mei 2013 aan hulle oorhandig.

8 Junie 2013

It Is tradition to celebrate our birthday in June with a Bring & Brag. Branch members get the opportunity to show off their treasures and heirlooms. Photo 1: Marilyn Coetzee shows some of the items she inherited from her grandmother. Photo2: Dirk van Rooyen had quite a number of items on display, among them this bottle that was used to feed his dad as an infant. Photo 3: Sasa Malan brought this little apparatus which was used to treat croup. Photo 4: Shirley du Plessis showed some of her grandfather's medals. Photo 5: Loraine van der Westhuizen (right) brought her book: 'Van Uitspan tot Rusplek. De Rust aftree-oord: 'n historiese baken in Durbanville' which was published last year. With her is Senobia Lutz.Photo 6: Simone Kay found this lovely old Bible through the Eastern Cape mailing list in a bookshop in Johannesburg. The Bible belonged to the Liebetrau progenitor, Johan Lorentz Liebetrau born 28.12.1772 at Frankfort am Main. Some of

the inscriptions in the Bible even shows his children's time of birth eg: 'Hendrik Godfried Liebetrau Born den 15 Meÿ 1825. Op Zondag middag te 3 Uren.' Photo 7: Librarian Rini Scheffler was so chuffed with all donations to the branch library that she decided to brag.



13 Julie 2013 Gustav Hendrich, argivaris van die Wes-Kaapse Argief en Rekorddeins het die tak toegespreek oor dDie historiese ontwikkeling van die Kaapse Argiefbewaarplek.	
10 Augustus 2013 By hierdie byeenkoms is ‘n Boekedag gehou waar lede van interessante boeke vertel het. • Sasa Malan het vertel van Tant MiemFischer se Kampdagboek • Paul le Roux het gepraat oor In the Valley of theBerg • Marilyn Coetzee het meer vertel oor Doppers, by Dr Okulis, en • Joe Coetzee het oor die boek ShuttleService gepraat.	

14 September 2013 Genealogiese navorsing oor Parkinson se siekte was die onderwerp van Gerhard Geldenhuis se praatjie.	
12 Oktober 2013 Helen Robinson het 'n interessante aanbiedieng gedoen oor die ontstaan en ontwikkeling van die Liesbeeck Vallei.	
9 November 2013 Vir die afsluitingsbyeenkoms is taklede in twee spanne verdeel en het hulle deelgeneem aan Who wants to be a Millionaire? Die vasvra kompetisie oor genealogie en ou Kaapse geskiedenis het vir baie pret gesorg. Taklede het ook deelgeneem aan 'n uitstalling ter herdenking van die Groot Trek 1838 – 2013.	